Suid-Afrikaanse Stoeifederasie
South-African Wrestling Federation

GEAFFILIEER BY FILA en SASCOC

VRYWARING

Aangesien ek _____,
(meld volle naa/name en van) gretig is om aan stoeistyle deel te neem (hierna genoem “die Sport”).

ID NR: _____

Ek is bewus daarvan dat my deelname aan die Sport sekere risikos, gevare en onvoorsiene omstandighede inhou;

Ek erken dat ek my vergewis het van die aard en omvang van die Sport en die risikos en gevare waaraan ek blootgestel mag word as gevolg van my deelname aan die Sport;

Ek aanvaar vrywillig die risikos en gevare waaraan ek blootgestel mag word as gevolg van my deelname aan die Sport:

Na oorweging van voorgemelde, aanvaar ek die volgende:

1. Om afstand te doen van enige en alle eise wat ek huidiglik mag hê, of in die toekoms mag hê, teen die Suid-Afrikaanse Stoeifederasie, die betrokke stoeivereniging, asook die toepaslike stoeiklub en/of sy werknemers en/of agente, en/of ampsdraers en ander persone in die Grondwet van die Suid-Afrikaanse Stoeifederasie of sy verenigings genoem, wat uit my deelname aan die Sport voortspruit.

2. Ek vrywaar en hou gevrywaar die Suid-Afrikaanse Stoeifederasie, die betrokke stoeivereniging, asook die toepaslike stoeiklub en/of sy werknemers en/of agente, en/of enige ampsdraers en ander persone in die Grondwet van die Suid-Afrikaanse Stoeifederasie en sy verenigings genoem, teen alle beserings, verlies, skade, onkoste en/of enige uitgawes wat ek en/of enige ander persoon mag ly of aangaan as gevolg van my deelname in die Sport, en

3. Ek onderneem om nie die Suid-Afrikaanse Stoeifederasie, die betrokke stoeivereniging, asook die toepaslike stoeiklub en/of sy werknemers en/of agente, en/of enige ampsdraers en ander persone in die Grondwet van die Suid-Afrikaanse Stoeifederasie en sy verenigings genoem, verantwoordelik te hou nie vir enige besering, verlies, skade, onkoste en/of uitgawes wat ek of enige ander persone, in die Grondwet van die SA Stoeifederasie en sy verenigings genoem mag ly of aangaan as gevolg van my deelname aan die Sport.

4. Hierdie ooreenkoms sal uitvoering gee en bindend wees op my erfgename, naasbestaandes, eksekuteurs, administrateurs, kurators en verteenwoordigers in die geval van afsterwe of ongeskiktheid.

5. Hierdie ooreenkoms is onderhewig aan en sal vertolk word volgens die wette van die Republiek van Suid-Afrika. Enige ligitasie wat die partye van hierdie ooreenkoms betrek, sal binne die Republiek van Suid-Afrika gebring word.

6. Met die aangaan van hierdie ooreenkoms, maak ek nie staat op enige mondelikse of skriftelike ondernemings of verklarings deur die Suid-Afrikaanse Stoeifederasie, die betrokke stoeivereniging, asook die toepaslike stoeiklub en/of sy werknemers en/of agente, en/of enige ampsdraers en ander persone in die Grondwet van die Suid-Afrikaanse Stoeifederasie en sy verenigings genoem, met betrekking tot die veiligheid van die Sport, behalwe dié wat in hierdie ooreenkoms uiteengesit is nie.

Aldus geteken te_____op hierdie_____dag van_____

Handtekening:_____Ouer/Voog:_____

As Getuie:_____As Getuie:_____

[Let wel: As die persoon wat hierdie dokument onderteken minderjarig is, moet die dokument deur sy/haar ouer of wettige voog mede-onderteken word. Hierdie vrywaring verskaf nie dekking teen growwe nalatigheid of opsetlike optrede deur die SASF en diegene, soos in punt 2 hierbo vermeld, wat verlies of besering mag veroorsaak nie].

Goedgekeur deur die uitvoerende bestuur op 9 Junie 2007.